ADVERTENSIE | GRIP REALTY

'n Grafiese voorstelling van hoe die Moquini-strandwoonstelle in Mosselbaai gaan lyk wanneer dit voltooi is.

Foto's ter illustrasie: VERSKAF

Luukse woonstelle met asemrowende see-uitsig in Mosselbaai bekendgestel

Die kuslyn aan die westelike kant van Mosselbaai kry binnekort 'n luukse toevoeging wanneer die Moquini-strandwoonstelle op die mark kom.

Vir 'n meer skouspelagtige ligging kan jy nie vra nie: dis geleë op die kusfront met 'n ongeloofliike uitsig op die strand, die golwe asook die kranse by Pinnacle Point aan die oostekant en die hele baai in Vleesbaai se rigting aan die westekant.

Boonop gaan dit Mosselbaai se ekonomie 'n aansienlike ekonomiese inspuiting gee. Die aanvanklike beraming is dat die ontwikkeling 'n surplus van R400 miljoen oor die verskillende fases gaan aanbring, insluitende die hotel. Die ontwikkelaars het reeds begin bou aan die toegangspad asook die eerste bouplatform en dit aan die verskillende dienste verbind.

Die ontwikkeling is deel van die Costa Zervas Projects-groep, 'n bekende eiendomsontwikkelaar van Pretoria. Onlangse projekte wat hulle behartig het, sluit in Studios@Burnett en Duncan Court in Hatfield, Pretoria.

Die eerste gebou by Moquini-strand het die gepaste naam The Breakers. Dit sal bestaan uit 'n ondergrondse verdieping met motorhuise, 'n grondvloer asook 'n vlak met dakwoonstelle.

Daar sal vier eenhede met twee slaapkamers wees en ses eenhede met drie slaapkamers. Toegang tot die ondergrondse verdieping sal verkry word deur hysers en trappe.

Die woonstelle het oorgenoeg ruimte vir afwerkings, wat lugversorgers in al die kamers asook die sitkamer insluit. Daar sal gaswarmwatersilinders, gasstowe, gaskaggels en 'n gasbraai wees. Verder sal die badkamers verhitte handdoekrelings en luukse afwerkings hê.

Die argitekte, Coetzee Alberts, het hulself oortref met hierdie skouspelagtige ontwerp. Die moderne lyne en luukse afwerkings sal beslis die mense laat praat.

Inwoners sal veilig kan voel met die sekerheidsmaatreëls wat by die Moquini-strandwoonstelle gehandhaaf sal word. Dit sluit in 'n ingangshek met streng toegangsbeheer en verskeie ander maatreëls soos veiligheidskameras en omheinings waar dit van toepassing is.

Neil Tucker, die uitvoerende bestuurder van Grip Realty, sê: "Wat ontwerp en skouspelagtige ligging betref, is daar niks soortgelyk in die Tuinroete-mark beskikbaar nie."

Die projek word deur Grip Realty, 'n vooraanstaande eiendomsagentskap in ontwikkelingsbemarking, bemark.

Vir meer inligting bel vir Neil Tucker by 082 828 4893 of stuur e-pos na neil@griprealty.co.za.

Besoek ook hul webwerf by www.moquini.co.za.

Voornemende kopers kan gerus die terreinkantoor besoek.

Die Moquini-strandwoonstelle se balkonne het raamlose glasrelings aan albei kante (noord en suid) van die woonstelblok. Dit maak dit moontlik vir alle inwoners om die beeldskone uitsig te kan geniet.

'n Hemelse uitsig oor die Moquini-strand is maar een van vele glanspunte waarna kopers van hierdie nuwe strandwoonstelle kan uitsien.

Foto: BRAHM MEYER

'n Grafiese uitbeelding van hoe die binnekant van die woonstelle gaan lyk.

Onthaal hier gaste of ontspan ná 'n lang dag op die luukse balkon met 'n uitsig oor die see.